08 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #25

Geliefde Gemeente,

Hoe ervaar mense die inperking?

Heel waarskynlik oomblikke van moedeloosheid, ontevredenheid, desperaatheid, onsekerheid, depressiwiteit en wanhoop.

Jesus Christus, Wie die heelal geskep het, Wie die Seun van God is, Wie die hoogste vorm van tegnologie, majesteit en heerskappy beleef het, was in Sy diepste wese ingeperk: ***Fil. 2:4-7*** deur die gedaante van 'n mens aan te neem; Homself ontledig en aan die mense gelyk geword. Vir 32 jaar was Hy ingeperk: in vlees; in die tydsdimensie en beperk tot die grense van Israel.

Nie 21 dae nie, **maar 32 jaar.**

Sy behoud was, dat Hy die gestalte van 'n dienskneg aangeneem het, dat Hy Homself verneder het: deur Sy gehoorsaamheid tot die dood toe. Hoe gehoorsaam is ons?

Dit is interessant dat die inperking saam met die lydingsweek van Christus val. Ons word in ons gehoorsaamheid getoets.

Ek wil etlike **opdragte** wat ons van God ontvang het aan u voorhou:

- ***Matt. 3:8*** – Om vrugte te dra wat by die bekering pas.
- ***Joh. 15:2*** – Om 'n vrugdraende loot te wees.
- ***Ps. 50:5*** – Om onsself deel te maak van God se gunsgenote.
- ***Joh. 17:11*** – Om eenheid te demonstreer teenoor die geesteswêreld.
- ***Ef. 3:9,10*** – Om ***"gemeenskap"*** te demonstreer teenoor die geesteswêreld.
- ***Heb. 10:24*** – Om die onderlinge byeenkomste nie te versuim nie.
- ***Joh. 12:36*** – Om in die lig te glo.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

- ***Mark. 1:17*** – Om vissers van mense te wees.
- ***Open. 19:7*** – Om onsself gereed te maak vir die wederkoms.

Dit klink, asof ons gekonfronteer word met ‘n ander vorm van ‘n *Sinai-wet* en *tien gebooie*. In werklikheid is dit nie ons krag wat dit vermag nie, omrede ons – ***Joh. 15:5*** – sonder Jesus niks kan doen nie. Veel eerder is dit die waarheid van: om Christus te ontvang; om op Christus te vertrou; om onsself aan Christus oor te gee en om in en deur die Heilige Gees – omdat die Heilige Gees in ons is ooreenkomstig ***Joh. 16:14*** – Christus te verheerlik.

Indien van die bogenoemde vrugte, nie teenwoordig is nie – of ons ongehoorsaam is en nie toelaat dat Christus dit deur ons doen nie – spreek dit tog duidelik dat, die boom nie kan of wil vrug dra nie, en dat die boom gevaar loop om uitgekap te word – ***Luk. 13:6,7***. Daarteenoor staan Christus in ons midde en gee Hy elke boom nog een jaar kans.

Sal u saam met my in hierdie dag ‘n besluit neem: om op Christus te vertrou; om Christus lief te hê, ooreenkomstig ***Fil. 2:8*** *“gehoorsaam te word tot die dood toe.”*

Die **trooswoord** wat ek graag met u wil deel, is God se waarborg dat Hy geduld met ons het: ***Jak. 5:7*** *“Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het.”* God wil die laat reën oor ons uitgiet. In hierdie tyd van afsondering maak ons dit deel van ons toewyding en verootmoediging.

***Psalm 73:26*** *“Al beswyk my vlees en my hart; God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid.”*

Liefdegroete,

Ds. J.H. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335